Ges. 12:1,4.
Ges. 155:3.
" 158:4,5.

# Ons Xt. Voogdyskap.

Rom. 15:1-13

Pta-Oos Send.-dag 20 apr. '43.
Olifn Junie. '47.

47

Rom. 15:1 - En op ons wat sterk is, rus die verpligting om d. swakhede te dra van dié wat nie sterk is nie, en nie ons self te behaag nie.

Baie v.d. sendingprobleme - of d. gebrek daar-van - van ons as Xtene in S.A. (by name lede v. 3 afr. kerke), hang saam met ons opvatting en interpretasie v.d. begrip: Voogdyskap. // Die wd - Voogdyskap - die hiv ons aan d. hele verhg wat ons tot d. gekleurde rasse in SA staan. In dié wd. saamgevat al wat ons reken as ons verpligting & verantwd voor d. naturel & d. Kleurling. Daar so 'n mooi wd.

Mr. juis daar ook so 'n gevaarlike wd: want in hd. wd. - Voogdyskap - lê daar minstens twee begrippe in opgesluit: d. pol. & d. Xt. - wat soms baie ver uit eenkant - Gew. stel meeste v. ons ons dan ook Xtenede nat. eensgein. begrip.

Daar baie noods. dat ons ild lig v. d. wd v God (hoogste gesag) in hd. tyd vra: Wat is die Xt. begrip v. voogdyskap? Hoe sien J.X dit? En hoe raak dit ons send. werk?

Oorsprong Begrip: Algemene term gewend om d. ideaal te omskrywe v.d. blanke wat ons hoeveel vir d. naturel. Veral deur d. naturellewet & Glyle Genl H. op voorgrond gestel. Oorsprong agter baie ouder tering:

① uit stapt & opvattings v.d. Voorts: Hulleself gesien as d. meerdere - geest. & andersins - v.d. naturel, mr. juis daar hulle verantwd voor hom gesien - by hulle kind

② Gewortel in Skrif: Dit ma (②) gewortel in hulle gehoord a.d. Skrif wat gedagte vanaf stel ⓐ dat ten spyte v. verskille v. taal & ras & kleur & beskawing almal Gods kinders - ge-

skape na Sy beeld. Hand. 17:26 — (b) plig van sterkeres teenoor swakkeres — Rom. 15:1, Gal. 6:2
En al het hulle hd. begrip nie ten volle gevat nie (foute gemaak) m.d. lig tot hulle beskikking getrou aan hd gedagte: ons naturel & Kleurling se harders — moet sorg.
— God dank vir hd. agtergrond — dit altyd in gedagte hou: daaruit voogdyskap idee gebore.

Wat veronderstel hd. begrip v. Kt. ons:

① Verantwoordelikheidsin van 'n voog: — Aan hom d. kind toevertrou deur d. vader. Dus groot verantwd: tree op in naam v.d. vader, i/d gesindhd v.d. vader, m.d. hart v. 'n vader. In sekere sin d. verantwd v. voog dus groter & plig swaarder juis omdat hy weet: dis nie my eie kind.
— Die naturel is dd. kind deur d. H. Vader aan ons toevertrou. Glo tog: nie by toeval dat ons voorvaders na S.A. gekom — hier gedurig sy lotgevalle deurweef m.d. v. naturel — hom so goed leer ken (botsings): God op ons skouers d. verantwd gelê om hd. kind uit ander huis, m. ander taal, m. ander kleur ons in Sy naam groot te maak & vir Sy Ryk te win.
→ Vr: Besef ons genoegsaam: as ons wil praat v. voogdyskap dan alleen i/s/v ons optree in naam v. ©? In Sy Gees? As ons dit nie doen: dan nog sprake v. Kt. voogdyskap?

② Onderlinge vertroue voog & kind: Ware voogdyskap veronderstel ② dat daar sal wees: (a) gesonde billike gesag v.d. voog — uitgeoefen in naam v.d. vader & in gees s/v hy verlang, solank as d. kind nog onmondig is; → ons volk ~~(b) Openhartig~~ dit altyd probeer doen.
(b) Openhartig & vertroue, kind opsien v. kant v. kind na voog om raad, hulp.

leiding — voog wil hom sal sorg — geleenthede & kanse sal skep om gesond te ontw.: geest., kultureel, ekon. ens. voog opoffer.
→ In verlede hd. ~~gt~~ verpligting van 'n voog nie genoegsaam besef deur ons volk — h/in soms saak baie benadeel. Nr. ons v/dag — met beter lig: werklik ons begeerte, om as voogde hd. beste te gee a.d. naturel as 'n onm. kind? Verstaan ons: sluit in beste geleenthede om te ontw. op eie gebied & geestelik eie kultuur, eie industrieë & boerdery, eie soc. lewe.
Feit: naturel & Kleurling v/d vervul m. diepe wantroue teenoor blanke (by name Afr. — Boerekerk); bejeën al ons pogings met suspisie; glo nie dat ons beste vir hom verlang. Vra: WYS ONS!
Besef ons: daar moet 'n gesindhd van ond. vertroue & agting wees s/op alle v/d/skp ms. — anders 'n klug. Nie waar: Ander (ons vyande) v/d besig om hd. kind ryp te maak & te help mondig word — buite ons huis — kind aan ons sorg toevertrou. Wan? Nie fout in eie huis? deur Gods voorsienighd
→ As ons d. wêr. & veral d. naturel wil oortuig dat ons dit ernstig meen m. ons Kt. voogdyskap sal ons as blanke Kt. kerke dit baie meer moet bewys: meer sendingwerk, beter Kt. opvoeding, gesonder behuising, volksk. misstande & sondes bestry met alle mag. Anders: nie m. nog bewus: Hd. voogdyskap blote klug? Naturel ons send. werk nie aanvaar, nie vertroue, nie glo! — Probleem baie sendelinge: geen ingang. — Stone kerkie!
③ Dag van mondigwording moet kom:
Verstand. ouer verhaas nie dd. dag nie — nr vertraag dit ook nie: hoe ouer kind word hoe meer help hy hom om geest. verst- & liggl. te groei — ryp te word — gee hom groeiende take, pligte, werk om

so sy uiteind. selfstandighd te verseker –
Kind dan opgewasse om te weg teen d.
maalc v.d. lewe.

Verst. ouer sal nie wag tot ^mond· Kind sy
regte eis – dwing om dit te weg : sal
hom help om dit te kry . Oldem behan
hy d. liefde ens. v.d. Kind gedeeltelik

→ Baie v. ons wil dit nie insien : d.d.
dag moet kom – sal kom · Voogdyskap
moet ~~eens~~ eendag 'n einde kind – anders
geen voogdyskap – dan diktatorskap.

Glo : nog lank nie daar (dwaling v fout
v.d. liberaliste in ons land : bring nyp druk)
Mr. ons moet d. natuurl. stae help.

Vrees : „ „ons ondergang" : geest, veral ekon.
(ons werk, geld ens. neem). In werklikhd
ons redding + d. liefde, steun ens. v.d.
natuurl behan. Ons deur al d. geslagte
bly erken v ~~dank~~ eer as sy helper +
vriend v raadsman.

V. dag staan ons alleen · Kenmerk : groot
nasionale ontwaking by d. Bantoe
Gevolge : goed of kwaad. Deel van
sy ~~monding~~ wording. V. dag ons nog
d. kans om te wys dat dit ons
erns is : waarlik voogde wil wees :
Môre dit te laat !

# Die Sender en die Gestuurdes.

Sendingpreek gelewer in die gemeente Hartbeesspruit op Sondag 5 Oktober 1947

deur

**Ds. P. F. D. Weiss, Pretoria.**

---

Kosteloos verkrybaar en gelewer op u naaste spoorweg stasie by:

Mnr. P. H. Berrangé, Kinrossstraat 25, Germiston.

# DIE SENDER EN DIE GESTUURDES.

**Sendingpreek gelewer in die gemeente Hartbeesspruit op Sondag 5 Oktober 1947 deur**

Ds. P. F. D. Weiss. Pretoria.

Joh. 20.21. Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.

Ek wil graag met u spreek oor die sending en meer bepaald oor die onderwerp: Die Sender en die gestuurdes. Daar is by ons mense nog so baie wanvoorstellinge in verband met die saak dat dit noodsaaklik is om ons elke keer opnuut te orienteer en die regte koers kry. Hiervoor moet ons na die Bybel gaan en ons gehoorsaam onderwerp aan die Woord van God, al druis dit in teen baie van ons vooroordele en sentimente. Die vraag wat ek wil ondersoek is.: Wie is die Sender en wie is die gestuurdes wat die werk van die sending moet verrig en dra?

**I. Wie is die Sender?**

Oor hierdie vraag laat die Bybel ons nie in die onsekerheid nie. Die Bybel stel dit duidelik dat dit God is wat stuur. Hy is die Oorsprong en Fondament van al ons sendingwerk. God het in die volheid van die tyd sy seun na die wêreld gestuur, en hierdie sending van die Seun is die hoeksteen waarop die hele gebou van die sendingwerk van die Kerk gebou is. Daarsonder sou van sendingwerk geen sprake kan wees nie.

Maar ons teks en ander plekke in die Bybel leer ons dat dit veral die Here Jesus is wat stuur. „Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." In Mat. 28:19 en Mark. 16:15 is dit die Here Jesus wat die bevel gee: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies . . . " Hy wat deur die Vader in Hierdie wêreld gestuur is, is nou self die Sender wat sy apostels met die boodskap van die Evangelie in die wêreld uitstuur.

En as ons nou na Hand. 13:2 gaan blyk dit dat die Heilige Gees hierdie algemene sendingbevel van die Here Jesus konkreet en persoonlik op bepaalde persone en Kerke toepas Ons lees daar dat die Heilige Gees gesê het: „Sonder nou Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het." Die Here Jesus het van tevore gesê dat die Heilige Gees hulle sou herinner aan alles wat Hy gesê het. En nou herinnner Hy hulle aan die sendingbevel van die Here Jesus. Daardie bevel was toe maar gedeeltelik uitgevoer, en om hierdie rede word die algemene bevel deur die Heilige Gees op die besondere geval van Saulus en Barnabas toegepas in die vorm van 'n besondere opdrag. Vandag nog werk die Heilige Gees op hierdie wyse in die Kerk deur die opdrag van die Here Jesus elke keer in 'n konkrete vorm op ons harte te druk. - M

Dit is belangrik dat ons sal besef dat dit God is wat in die eerste plek die Sender is, en nie die mens nie.

Dit bring ons by ons tweede vraag:

**II. Wie is die gestuurdes?**

Volgens die woorde van die Here Jesus, was dit die apostels wat die opdrag ontvang het om in die hele wêreld te gaan en die Evangelie te verkondig. Hierdie opdrag was egter baie groter as wat deur hierdie klein groepie mense in een geslag uitgevoer kon word. Tenspyte van al hul ywer kon hulle nie die boodskap aan alle volke bring nie. Hulle het wel 'n deel van die wêreld bearbei wat in daardie tyd baie belangrik was, maar tog was dit 'n klein deel van die wêreld. Daar was baie lande wat hulle nooit geken en noot bereik het nie.

Maar dan ontstaan die vraag: Op wie het die sendingbevel wat die Here Jesus aan sy apostels gegee het, dan oorgegaan? Die Roomse Kerk sê dat dit op die pous as opvolger van die apostel Petrus oorgegaan het. Hy sou deur Christus gestuur wees en hy voer die sendingbevel uit deur self te stuur. Alle sendingwerk gaan volgens die Roomse van die pous uit wat hierin deur die sg. „congregatio de propaganda fide" (vereniging vir die propagering van die geloof) wat in 1622 gestig is, bygestaan word.

Luther en Calvyn het van die standpunt uitgegaan dat die sendingbevel reeds in beginsel deur die apostels uitgevoer is. Luther het gemeen dat aktiewe sendingwerk nie meer nodig was nie, maar

dat elke Christen in sy eie omgewing sy geloof moet bely. Die Koningkryk van die Here sou dan vanself oor die hele wêreld uitgebrei wrod. Calvyn het erken dat die beloftes van God in verband met die heidenwêreld nog nie vervul is nie. Maar volgens hom was dit Gods saak. Hy sal daarvoor sorg dat sy beloftes uitgevoer word.

Ons sien dus dat selfs die groot leiers van die Hervorming nog nie die roepeng van die Kerk in hierdie verband besef het nie. 'n Mens kan dit verstaan, omdat die Hervorming sy eie moeilikhede meegebring het. Die leiers moes al hul krag inwerp in die stryd teen die dwalinge en misbruike van die Roomse Kerk. Die Heidenwêreld het ver van hulle gelê. Buitendien wat dit in daardie tyd die Roomse lande wat groot besittinge in die heidenlande van Asië en Amerika gehad het. Van praktiese sendingwerk kon daar dus geen sprake wees nie. Dit verklaar waarom die Kerk in die tyd van die Hervorming nog nie sy sendingverpligtinge besef het nie.

Daar het egter 'n verandering gekom toe Holland en Engeland tot koloniserende moondhede ontwikkel het. Mense het tot die besef gekom dat die onvoltooide opdrag wat die Here Jesus aan die apostels gegee het, vanself oorgegaan het op diegene wat deur hul prediking tot die geloof in Christus Jesus gekom het. Die Kerk wat op die fondament van die apostels gebou is, is die erfgenaam van nie sendingbevel. Die Kerk self is die gestuurde.

Dit is wanneer ons dit insien dat Mat. 28:19 en 20 eers reg verstaanbaar word. Nadat Hy die sendingbevel in vers 19 gegee het, laat die Here Jesus in vers 20 hierdie belofte volg: „En kyk, Ek is met julle, al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." As Hy sê „tot aan die voleinding van die wêreld" kon Hy nie net die apostels bedoel het nie. Die belofte is nie net vir die apostels bedoel nie, maar vir die Kerk van alle eeue. En as die belofte aan die Kerk gegee is, dan seker ook die sendingbevel waaraan die belofte verbonde is. Dit is eienaardig hoe lank dit die mens geneem het om dit raak te sien. Die eerste wat baie sterk nadruk daarop gelê het was 'n Hollander met die naam van Andreas Saravia (1531-1613), en ongeveer 150 jaar na hom die Engelse sendeling William Carey.

Nou word Hand. 13 ook duidelik waar beskryf word dat die Heilige Gees aan 'n kring van profete en leraars die bevel gee: „Sonder nou Barnabas en Saulus vir My of." Hier word nie uitdruklik gesê dat die gemeente van Antiochië as geheel aan hierdie sending deel gehad het nie, maar uit wat hier volg is dit waarskynlik dat die gemeente daarin geken is. Toe Paulus en Barnabas na 'n paar jaar van hul reise terugkeer, het hulle die gemeente byeengeroep en aan hulle verslag gedoen, in verband met hul werk. Dit tref 'n mens veral omdat die apostel Paulus geen sending van die Kerk nodig gehad het nie. Hy is regstreeks deur die Here Jesus tot apostel onder die heidene geroep. Daarom is dit so opvalllend dat die Here ten spyte daarvan op hierdie belangrike tydstip in die geskiedenis van sy koninkryk, sy Kerk baie definitief in die daad van die sending inskakel. Dit toon dat dit die Kerk is aan wie die roeping toevertrou is om die Evangelie onder alle volke te verkondig. „Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Die intieme verhouding tussen Kerk en sending blyk ook uit Hand. 15:6. Toe daar as gevolg van die werk van die apostel Paulus onder die heidene sekere moeilikhede ontstaan het, het die apostels en ouderlinge in Jerusalem vergader om die saak te bespreek. Die vraagstukke wat daar behandel is, het noue verband met die sending gehad, en daar is gou besef dat nie alleen die apostels nie, maar die hele Kerk daarin betrokke was.

Dit is dus duidelik dat die sendingbevel van Mat. 28 deur die apostels ook gerig is tot die Kerk van alle eeue. Die kerk is die gestuurde van Jesus Christus, net soos Hy die gestuurde van sy Vader was. Deur die Kerk gaan die liefde van God uit na die Heidenwêreld, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Dit beteken natuurlik nie dat elke lidmaat na die heidene moet gaan nie, en ook nie dat elke gemeente net binne sy eie grense sendingwerk moet doen nie. Dit beteken ook nie dat die sendingwerk alleen van die plaaslike gemeente mag uitgaan en

nie van die Kerk as geheel nie, maar dit beteken wel dat die Kerk gebonde is om sendingwerk te doen, en dat elke lidmaat sy verpligting ten opsigte van die werk moet besef, en deur geldelike en morele ondersteuning sy aandeel daaraan moet hê.

Dit bring my by 'n derde vraag:

**III. Wie moet die sendingwerk lei en dra?**

In vroeër eeue was daar diegene wat gemeen het dat dit die plig van die Christelike owerheid was, en veral van die lande wat oor nie-christelike volke geheers het. Daar was selfs diegene (bv. die geleerde Voetius) wat gemeen het dat die owerheid die reg het om die beoefening van 'n nie-christelike godsdiens met geweld te belet. Dit is waarskynlik die opvatting van die plig van die owerheid wat tot uiting kom in die gebed van Johan van Riebeeck waar hy bid dat die ware Gereformeerde leer in hierdie land gevestig mag word.

Omstreeks 1700 het die Piëtisme in Duitsland opgekom en die aanhangers daarvan was geneig om die sendingwerk nie deur die Kerk te laat dra nie, maar daar klein kringe binne in die Kerk, kringe van gelowiges wat hulle besonder tot die sending aangetrokke gevoel het. Hulle gedagte was dat die Heilige Gees die saak van die sending op die hart van 'n klein kring gelowiges bind, en hulle is diegene wat geroep word om sendingwerk te doen en hulle besit kragtens die leiding van die Heilige Gees die gesag daartoe. Hulle kan hulle dan in sendinggenootskappe en sendingverenigings organiseer. Op hierdie wyse het in die loop van die 18e en 19e eeue talle sendinggenootskappe in Europa en ook in ons land ontstaan. Hulle het 'n groot werk gedoen in 'n tyd toe die Kerk nog nie sy plig besef het nie. Namate die Kerk egter tot ontwaking gekom het, het hy self die verpligting oorgeneem. Dit is nog die owerheid, nog die klein kring van gelowiges wat die werk moet dra — dit is die Kerk as geheel. Nie een van die ander twee het die magtiging ontvang om die Sakramente te bedien nie, dit is die Kerk aan wie hulle toevertrou is en daarom moet sendingwerk ook van die Kerk uitgaan. Die sending kan alleen dan sy volle krag ontwikkel as dit van die hele Kerk uitgaan. Dit mag nie liefhebbery van 'n paar geesdriftiges wees nie — die hele Kerk met al die middele wat tot sy beskikking is, en met al sy liefde moet daaragter staan. Die gedagte heers nog al te veel by ons mense dat die sending iets is waarby 'n Christen kan aansluit of nie aansluit nie. Dit is fundamenteel verkeerd en in stryd met die hele rigting van die Bybel.

Die dag toe u die Here Jesus as u Saligmaker aangeneem het, het u reeds die verpligting tot sendingwerk op u geneem, en die dag toe u lid van die Kerk van Christus geword het, het u u ook tot die uitbreiding van Gods koningkryk verbind; want die sendingbevel kom tot u as lid van die Kerk. Mag elke lid van die Kerk sy verpligting nakom. U mag dit nie ontduik nie.

Daar was en is in ons land baie vooroordeel teen die sending. Ongelukkig moet die oorsaak daarvan nie altyd by die vyande van die sending gesoek word nie. In ons geskiedenis was dit juis dikwels sendingvriende wat die grootste vyande van die sending was. Die van der Kemps, die Philipse en hul trawante het deur hul optrede onnoemlike skade aan die saak gedoen. Ons mag egter nie daarom die bevel van Christus veronagsaam nie.

Hierdie dinge moet ons laat nadink. Dit moet ons sendingvriende laat nadink of hulle deur hul optrede die saak van die Here Jesus op die beste wyse bevorder en of hulle dit nie miskien benadeel nie. Dit moet u laat nadink wat nog teen die sending bevoordeel is en u wat onverskillig daarteenoor staan en u wat kriewelrig voel as 'n mens daaroor praat. U kan nie Christen wees en teen die sending as sodanig nie. U mag miskien teen sekere sendingmetodes beswaar hê, maar dit is juis 'n rede waarom u u volle gewig daarin moet werp om dit in die regte rigting te help stuur. U is deel van die Kerk wat deur niemand minder as God gestuur word met die opdrag om die koningkryk van God uit te brei. „Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" Hierdie opdrag kom ook tot u en u moet u verantwoordelikheid nakom.

Amen.